



Kers, vers en melodie afsluiting 2002

Vanjaar was dit nie net die vrouevolk van die gemeente wat die jaar gedagtig aan Kersfees afgesluit het nie – die imposante baritonstem van John Skeen het gesinne na hierdie afsluiting gelok. Die voorleeswerk uit die OT en NT het 'n mens weereens laat beseef dat die koms van Christus deur eeue heen die mens steeds in verwondering laat. Die epiloog vir hierdie aand in die woorde van Angelus Silesius het net weereens bevestig dat Christus jou Verlosser en Saligmaker moet wees – anders baat dit niks:

“ En al word Christus 'n duisend maal in Bethlehem gebore en nie in jou nie, dan bly jy verlore ”

Die vreugde van samesang en klank en word wat jou herinner aan die wonder in Bethlehem, het almal teenwoordig sekerlik saam met Maria laat jubel”my siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker!”

Die kersversierde saal met kerse in die vorm van 'n kruis en die kleure in

- ❖ Groen : lewe in Christus
- ❖ Rooi: die bloed van Christus wat reinig
- ❖ Wit: Christus het gekom om ons vlekloos te laat;

het elkeen teenwoordig daaraan herinner dat die vreugde van Kersfees met gemmermannetjies, roomys en vrugteslaai gevier kan word, maar met die diepe beseef van *“God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê”*

Dankje alle dames, John en Marie Skeen en Tertia vir 'n lieflike afsluiting!

Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner elkeen deeglik aan die tyd van die jaar – dis adventtyd in die jaar 2002!

Die jaar het voortgespoed en met die draai van nog 'n jaar, is vele nuwe ervarings nou net herinneringe van die jaar. Die wens van Die **Rietfluit Redaksie** is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees.

Mag hierdie Kerstyd werklik vir elke lidmaat 'n Christusfees wees en die nuwe jaar besaai word met geluk, vrede en blydschap.